



## OP REIS DEUR DIE BOEK JAKOBUS.....



Wanneer ons opreis gaan, word daar gewoonlik goeie beplanning gedoen. Daar word lysies gemaak, ons google op die kaarte om te sien hoe die plek lyk, ons gaan kyk soms hoe die weer lyk, sodat ons die regte klere kan inpak. Ons pak ook in volgens die tipe vakansie wat ons gaan hou. Dit help nie ons pak ons baaikostuum en somerrokke in, as ons gaan ski in die Alpe nie. Ons almal is dit eens, daar gaan deeglike beplanning in, sodat ons die reis redelik gemaklik en met die noodsaaklike kan meemaak.

Kom stap saam met my, dan kyk ons waarheen ons oppad is met ons Bybelstudie uit Jakobus.




1) **<u>Wie was Jakobus?</u>**

Jak 1:1 "JAKOBUS, 'n dienskneg van God en die Here Jesus Christus,"
Jakobus was die halfbroer van Jesus. Jesus se broers het Hom nie erken as die Messias nie, maar het eers later tot bekering gekom. In (1 Kor 15:7) (Hand 1:14) = Was Jesus se broers ook in die bovertrek saam met hul Moeder en die dissipels.

Ons weet ook dat Jakobus van Joodse afkoms was en dus in die Joodse tradisies en met die Woord groot geword het. Hy het ook die voorreg gehad(saam met sy ander broers en susters) om Jesus dop te kon hou in Sy groot word jare en ook toe Hy, Sy aardse bediening begin het.

Hoekom dink jy verwys die skrywer na homself as "dienskneg van God en die Here Jesus Christus" en nie na die feit dat hy familie van Jesus, asook 'n belangrike kerkleier in Jerusalem is nie? Sien 1 Kor. 1:31 en Luk 14:11. Watter les lan ons hieruit leer t.o.v verhoudinge in die kerk met mekaar?

________________________________________________________________________

________________________________________________________________________

________________________________________________________________________

________________________________________________________________________

2) **Waar pas Jakobus in die Prentjie in?**

Na Jakobus tot bekering gekom het, was hy die leier van die Kerk in Jerusalem. Net daardeur kan ons sien, dat hy geestelik sterk was en ook 'n bekwame leier om hierdie Eerste Kerk te kon lei en leer van die Blye boodskap in Jesus Christus.
Wat word Jakobus in Galsiërs 2: 9 genoem?________________________________

Jakobus haal gedeeltes uit die O.T e nook Spreuke aan, maar in die onderstaande gedeeltes sien ons hoe hy skryf, oor wat Jesus geleer het, uit die Bergpredikasie:
Jak 1:2 – Matt 5: 10-12 ________________________________________________
Jak 1:4 – Matt 5: 48 __________________________________________________
Jak 1:5 – Matt 7:7-12 _________________________________________________
Jak 1:22 – Matt 7:21-27 _______________________________________________
Jak 4:11-12 – Matt 7:1-5 _______________________________________________
Jak 5:1-3 – Matt 6: 19-21 ______________________________________________

3. **Jakobus se Taak**

Ons moet onthou dat Jakobus geen maklike taak in Jerusalem gehad het nie. Die Joodse tradisies was nog sterk gevestig en die druk vanaf die Joodse Christene het dit nog moeiliker gemaak en soms ook konflik veroorsaak.
Ons moet hulle nie te swaar oordeel hieroor nie. Ons sien selfs in ons dag en tyd hoe tradisie kinders van die Here kan lamlê. Dit hou op vele manier mense weg van die waarheid van God se Woord. As ek net 'n paar kan noem: Maniere waarop mense aantrek, sekere leëringe soos oor die groot of klein doop, wat ons mag eet en nie mag eet nie, manière van aanbidding, sang en musiek…….

Na aanleiding hiervan; wat leer Jesus self in Luk 11:46______________________

______________________________________________________________________

4. **<u>Aan wie is die Brief gerig?</u>**
   Jak 1:1b"….aan die twaalf stamme wat in verstooiing is."
   Verstrooing hier het in die oorspronklike taal 'n baie mooi betekenis.
   In engels = " Dispersion' (the process of distributing things or people over a wide area).
   Hy skryf aan die Jode buite Palestina.
   Soos in Hand 8:1 waar die gemeente verstrooi is, is dit as te ware soos saad wat gestrooi is oor 'n groot area. En daardie saad het vrug voortgebring.
   Hand 11: 21-26

5. **<u>Hoekom skryf Jakobus die Brief?</u>**
   Jakobus besef dat die Christene probleme ondervind in hulle persoonlike lewens asook in die gemeenskap onder die heiliges.
   Daar was stryd binne in die gemeentes en Jakobus het dan onderleiding van die Heilige Gees hierdie brief geskryf.
   - Die grootste probleem was dat baie van die Christene nie altyd geleef het, wat hulle geglo het nie.
   - Verder was hulle tonge 'n baie groot probleem en het groot skade aangerig.
   - Wêreldgesindheid was ook een van die groot probleme.
   - Sommige was ongehoorsaam aan God se Woord en het daarom ook baie siek geword.

Hierdie lysie beskryf ongelukkig ook probleme wat in die Kerk van Jesus inkom en die Eenheid versteur. Ek sê altyd vir die sussies, as ons enige projek aanpak, wat die Eenheid in Christus versteur in die gemeente, dan stop ons die Projek. Ons lees in Johannes 17 hoe Jesus gereeld bid vir die Eenwording van Sy kinders. Dit is vir Jesus baie belangrik en daarom moet dit vir ons ewe balangrik wees.

Die groot faktor wat egter die bg lys saambind is Geestelike onvolwassenheid.

Hierdie Christene het eenvoudig nie geestelik gegroei nie.

**EN DIT…. Is die basiese tema van Jakobus**

**" Kenmerke van 'n Geestelik volwasse Christene."**

Warren Wiersbe sê: "Too many churches are playpens for babies instead of workshops for adults."

Jakobus gebruik dikwels die word 'Volmaak'.  Die betekenis daarvan is om Volwasse/Voltooi (Complete), gebalanseerd te wees. (Jak 1:4, 17, 25; 2:22; 3:2)

Geestelike Volwassenheid is die grootste nood in die Kerk van Jesus vandag.

Wat sê Heb 5:11-14?

____________________________________________________________

____________________________________________________________

Hier is net 'n paar Probleme waaroor Jakobus skrywe:

Jak 1:1-4 =Ongeduld in Moeilike tye.

Jak 2:14 = Praat oor die Waarheid, maar leef nie die Waarheid nie.

Jak 3:2 =Geen beheer oor hulle tong nie.

Jak 4:1 =Oorloë en Vegterye

Jak 5:1 =Versameling van Vergaanbare skate.

Die Here roep manne en vroue op om Geestelik Volwasse te wees en Voort te gaan met die werk van die Here hier op aarde. Om die eenheid in Christus te bewaar en dan so Voort te gaan met die werk van die Here.

Joh 17:21,23

Daar is 5 Kenmerk vir 'n Volwasse kind van God. Hou die spieël van God se Woord voor u op en kyk of dit Kenmerkend van u lewe is.

1. **<u>Om seker te maak ek is Wedergebore</u>**



   Lees Johannes 3:5,6,16,17,

   ____________________________________________________________

   ____________________________________________________________

   Jakobus 1:18,______________________________________________

   1 Petrus 1:23______________________________________________

   Efesiers 2:8,9_____________________________________________

2. **<u>Om eerlik ons lewens in die Lig van God se Woord te vergelyk.</u>**

   In Jak 1:23 vergelyk Jakobus die Woord met 'n Spieël.
   Ons lees in Psalm 119 wat die Woord doen in ons lewens.
   Maak tyd en lees elke dag net so 5 verse uit Psalm 119 en skryf neer wat die Woord vir jou as God se kind beteken.



3. **<u>Gehoorsaamheid</u>**

   Jakobus 1:22 ______________________________________________

Romeine 2:13 ______________________________________________

Lukus 6:46 ________________________________________________

4. **<u>Wees voorbereid vir Beproewinge en Lyding</u>**

Romeine 5:3,4______________________________________________

___________________________________________________________

Johannes 16:3 _____________________________________________

5. **<u>Meet jou Geestelike Groei aan die standaard van God se Woord.</u>**



Efesiërs 4: 13-16

___________________________________________________________

___________________________________________________________

_________________________________________________________

Nie almal wat ouer word, word groot nie. So is die geestelike lewe. Ons kry mense wat al baie jare gered is, maar geestelike babas bly en dan mense wat kort gered is en met reuse spronge groei tot Volwassenheid. Anders as ons liggame wat natuurlik verouder, is ons geestelike lewens anders.

As ons nie aktief besig is in God se Woord en In Sy saak nie, gaan daar nie groei wees nie.

**Dit verg toewyding en dissipline van 'n kind van God om geestelik te groei.**

'n Groeiende Christen is 'n gelukkige mens en is bruikbaar in God se akker.

Hierdie was die lysie wat ons moes inpak vir ons reis deur Jakobus. Ons weet nou redelik wie hy is, wat hy gedoen het en wat hy oor geskryf het. Dit is altyd makliker om te verstaan wat iemand in 'n brief sê, as ons die persoon so 'n bietjie beter ken.

**Lys enige vrae wat jy op die stadium mag hê.**

**Is daar enige iets waaroor jy wonder of wat dalk nie vir jou sin maak nie?**

_________________________________________________________________

_________________________________________________________________

_________________________________________________________________

________________________________________________________________


Nou net vir so 'n bietjie Hoop op jou lewenspad. Lees die volgende gedeeltes en



Skryf hoe die gedeeltes vir jou Hoop gee?

_______________________________________________________

________________________________________________________________


BAIE JAKOBUSSE IN DIE NUWE TESTAMENT:
BROER VAN JESUS
JESUS SE TWAALF DISSIPELS
SIEN HANDELINGE 12:15, GALASIËRS 1-2
-LEIER VAN DIE MESSIAANSE MOEDERKERK IN JERUSALEM
-BELEEF HONGERSNOOD, ARMOEDE, & VERVOLGING
JAKOBUS
HEBREEUS: YA'AKOV
GRIEKS: IAKOBOS
DIE BRIEF VAN
JAKOBUS
DIE NALATENSKAP VAN JAKOBUS SE WYSHEID
'N BRIEF AAN: AL JESUS SE VOLGELINGE
TWEE HOOF INVLOEDE:
JESUS SE ONDERRIG
SIEN MATTEUS 5-7
SPREUKE
HOOFSTUKKE 1-9
KORT TOESPRAKE VAN WYSHEDE VOL METAFORE & KORT SPREUKE
WARE WYSHEID
SOM DIE BOEK SE KERNIDEES & SLEUTELWOORDE OP
1 INLEIDING
7 KEER HERHAAL!
HEBREEUS: TAMIM
GRIEKS: TELEIOS
"HEELHEID" & INTEGRITEIT
STUKKEND & TEENSTRYDIG
v.2-4
DIE LEWE SE BEPROEWINGS KWEEK VOLHARDING & KAN ONS PERFEK MAAK
v.5-8
GOD GEE WYSHEID AAN DIE WAT DIT IN GELOOF VRA
v.9-11
ARMOEDE KAN ONS FORSEER OM GOD TE VERTROU: RYKDOM SAL VERBYGAAN
v.12-18
GOD IS VRYGEWIG & GEE ONS NUWE LEWE DEUR JESUS
v.19-27
MOENIE NET NA GOD SE WOORD LUISTER NIE, MAAK DOEN DIT.
DIE TORA VAN VRYHEID
ROEP ONS OP OM:
LIEFDE TE PRAAT.
ARMES TE BEDIEN
GEHEEL EN AL GOD TOEGEWY
JESUS SE OPSOMMING VAN DIE TORA:
LIEFDE VIR GOD & LIEFDE VIR NAASTE
SIEN MATTEUS 22:34-40
2:1-13 VOORTREKKERY VS. LIEFDE
SIEN MATTEUS 5:46-48
JULLE HET DIT!
2:14-26 WARE GELOOF
DOOIE GELOOF
JA, EK GLO... BLY WARM, MY VRIEND!
SIEN MATTEUS 7:21-27
3:1-12 DIE TONG
PRYS GOD!
JOU IDIOOT!
SIEN LUKAS 6:43-45
3:13-18
WARE VS. VALSE WYSHEID
SIEN MATTEUS 5:3-11
4:1-10 'N VERDEELDE HART
SIEN MATTEUS 6:24
4:11-12 VEROORDEEL ANDER
SIEN MATTEUS 12:36-37
4:13-17 DIE ARROGANSIE VAN RYKDOM
BERAAMDE WINS
JULLE LEWE IS NET MIS!
SIEN MATTEUS 6:28-34
5:1-6 DIE GEVAAR VAN RYKDOM
JULLE RYKDOM SAL VERROT, NET SOOS JULLE!
SIEN MATTEUS 6:19-21
5:19-20 OM ANDER TE HERSTEL
SIEN MATTEUS 18:15
5:13-18 GELOWIGE GEBED
SIEN MATTEUS 21:21-22
5:12 PRAAT DIE WAARHEID
LAAT JULLE "JA", "JA" WEES
SIEN MATTEUS 5:37
5:7-11 GEDULD & VOLHARDING
SIEN MATTEUS 24:13
2-5 12 STUKKE ONDERRIG OOR HEELHARTIGE TOEWYDING AAN JESUS.